

## Oor Eksegese en Metodes: Die Reëls van die Spel

Gerda de Villiers (UP)

### **ABSTRACT**

*This article examines briefly the virtues and vices of an immanent reading of biblical texts. Due to the fact that Jurie le Roux is known as a historical critical scholar, a synchronic methodology is exposed from a diachronic angle. The history and the philosophy underlying a so-called structural analysis are highlighted, the value of this methodology for biblical exegesis is appreciated, nevertheless, it is pointed out that a structural analysis should not mistakenly be regarded as a hermeneutical tool. Furthermore, the theory of the aesthetics of reception of Hans Robert Jauss is dealt with in a very cursory manner as another possible approach toward dealing with biblical texts. However, a critical attitude is called for as it appears that every methodology has its own apparatus that is designed for a particular purpose. Scholars who wish to work in an interdisciplinary way, should do so in a critical and responsible manner.*

### **A INLEIDING**

'n Bundel wat aan iemand spesifiek opgedra word, het 'n persoonlike inslag: dis 'n bekende, baie goeie vriend om wie dit hier gaan. Vir 'n hele klompie jare werk ek saam met Jurie aan 'n aantal projekte, nee, dis méér as blote saamwerk, ons het hulle saam beplan en saam van stapel gestuur. Eers was dit Pro Pent, toe [www.otnet.net](http://www.otnet.net), en nou [www.teo.co.za](http://www.teo.co.za). Uiteraard is dit dus vir my onmoontlik om hierdie artikel soos sommer net nog 'n artikel koud, klinies en wetenskaplik te benader – hierdie artikel is opgedra aan Jurie.

Ek het in 1995 vir die eerste keer as student met hom kennis gemaak; in sy klasaantekeninge veral oor die Pentateug (wat hy jaarliks opdateer) doen hy besondere moeite om studente in te lei in die navorsingsgeskiedenis en teorieë rondom die ontstaan en die ontwikkeling van die sogenaamde eerste Vyf Boeke van Moses. (Hierdie aantekeninge is beskikbaar as hardekopieë, op CD-Rom, elektroniese nuusbriewe aan studente en ook op die Ou-Testamentiese webwerf [www.otnet.net](http://www.otnet.net).) By Jurie het ek geleer dat geen gedagte, filosofie, metodiek of

'n boek so heilig soos die Bybel uit die lug val nie. Alles het 'n geskiedenis. Ook die wyse waarop tekste gelees en geïnterpreteer word.

## **B DIE SINCHRONIE-DIACHRONIE DEBAT**

Veral gedurende die twintigste eeu was daar in Suid-Afrika, asook elders in die teologiese wêreld aansienlike spanning tussen twee eksegetiese benaderings: 'n *historiese kritiese* ondersoek teenoor 'n *immanente lees* van die *textus receptus*, oftewel die teks in sy finale gestalte (vgl Le Roux 1993:11-203 vir die Suid-Afrikaanse konteks en Damrosch 1987:20-27 vir elders in die Westerse wêreld). Enersyds het die *historiese kritiek* 'n diachroniese benadering tot die verstaan van 'n teks voorgestel, met ander woorde, navorsing wat betrekking het op die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van die teks, dit wat *agter* die finale gestalte van die teks lê (Deist 1976:58-78 bied 'n beknopte, dog uitstekende oorsig). Andersyds het die *immanente* eksegete *slegs* op die teks voorhande gefokus en dit ontleed met 'n metode wat weldra as *struktuuranalise* bekend sou staan (Vorster 1971:141 - 147).

*Struktuuranalise* is 'n term wat ontleen is aan studies in die letterkunde en literêre teorieë (bespreking volg), derhalwe is 'n *immanente* lees van 'n teks spoedig gelyk gestel aan 'n *literêre* lees daarvan. Ook vanuit die Angelsaksiese wêreld sou 'n ingenomenheid met so 'n *literêr kritiese* benadering blyk. Hays en Holladay (1982:68) reken dat *literêre kritiek* die egte waarde van 'n teks kan herken deurdat dit die outeur, die histories-kulturele en ander sake opsy skuif, en slegs op die teks fokus. Gros Louis (1982:13) gaan sover om te beweer dat literêr geïntendeerde ondersoek historiese navorsing moet verwerp.

Weldra word *struktuuranalise* in Suid-Afrika soos ook in die res van die wêreld 'n populêre metode in modules wat met tekste werk: die linguistiek, die letterkunde en ook die teologie. Verhale en gedigte word na aanleiding van hul *struktuur* ontleed, en verskillende interessante patrone word onthul. Maar waarvoor gaan dit eintlik?

## **C DIE DIACHRONIE VAN SINCHRONIE<sup>1</sup>**

Kenmerkend van die twintigste eeu was 'n gees van modernisme, positivisme, ook wat betref die teorieë en metodiek van moderne linguistiek (Le Roux 1993:28). Die naam van Ferdinand de Saussure is welbekend en word

---

<sup>1</sup> (Die volgende afdeling in hierdie artikel handel oor die geskiedenis van *struktuuranalise*. Dit is 'n samevatting van 'n referaat wat ek by die Pro Pent seminar in 2005 gelewer het. Die onderwerp van die betrokke seminar was *The Pentateuch between synchrony and diachrony* en die titel van my referaat was *The tools and what they are designed for*. Eersdaags verskyn 'n hoofstuk in Engels met dieselfde titel, ook deur myself in 'n uitgawe van T&T Clark.)

gewoonlik in verband gebring met 'n 'wetenskap van die taalkunde'. Maar wie was De Saussure, en waaroor gaan sy teorieë?

Ferdinand de Saussure het Algemene Taalkunde doseer aan die Universiteit van Genève vanaf 1907-1911 (Eagleton 1983:96). Hy gaan van die voorveronderstelling uit dat taal wetenskaplik benader moet word, en hy stel hom ten doel om die onderliggende strukture van taal op 'n wetenskaplike wyse te ondersoek. De Saussure se teorieë is oorbekend (Selden 1986:53-54 en Ohloff 1985:41-42 verskaf uitstekende en bondige samevattinge). Die belangrikste uitgangspunt is die feit dat daar tussen vorm (woord) en referent (die ding waarna verwys word) geen logiese sigbare verband bestaan nie. Met ander woorde, die kombinasie van die letters **h o n d** gee geen ooglopende aanduiding van 'n dier wat blaf of grom of sy stert waai afhangende van hoe hy behandel word nie. Die verhouding tussen vorm en referent is dus volkome arbitêr, 'n blote saak van konvensie.

Maar terwyl De Saussure besig was om hierdie opspraakwekkende lesings in Genève te gee, was daar elders in die wêreld 'n beroering van 'n ander aard: in Rusland was die sogenaamde Kommunistiese Rewolusie in volle swang. Die verwagting was dat alles, ook kuns en letterkunde die ideologiese standaarde van die sosialistiese regering sou steun en kommunistiese propaganda sou maak (Davis & Schleifer 1991:121). Binne literêre kringe ontlok hierdie houding bittere verset; in 1915 word die Moskow Linguistiese Kring in die lewe geroep en in 1916 ook *Opojaz* – die Vereniging vir die Studie van Poëtiese Taal (Venter 1992:458; Davis & Schleifer 1991:129; Selden 1986:7). Roman Jakobson speel 'n leidende rol binne die Moskow Linguistiese Kring en onder sy invloed ontwikkel die teorieë rondom *Russiese Formalisme* (sien ook Du Plooy & Viljoen 1992:28).

Waaroor gaan *Russiese Formalisme*? De Saussure se teorieë oor taal en linguistiek word oorgeneem en aangepas vir letterkunde – eers vir poësie maar later ook vir prosa. Net soos wat dit moontlik is om vorm en referent van mekaar te 'ontkoppel', moet dit ook moontlik wees om literêre vorm (poësie / prosa) van sy konteks (die kulturele en historiese situasie) te ontkoppel. Die Russiese Formaliste voer hierdie gedagte selfs nog verder en redeneer dat selfs die outeur en sy of haar persoonlike inspirasie onbelangrik is. Alles gaan om kuns, slegs die kunsvorm is van waarde. Daar word ontdek dat literêre kunsvorms kenmerkende patrone weerspieël, patrone wat eiesoortig aan 'n bepaalde genre is. Letterkunde het dus 'n eie lewe, kan outonoom bestaan en word beheer deur 'n eie stel reëls en regulasies, nie deur 'n politieke bestel nie. Met hierdie redenasie neem *Russiese Formalisme* die eerste belangrike stap na 'literatuurwetenskap': letterkunde bestaan outonoom, word voortgebring deur 'n unieke sisteem van reëls wat onafhanklik van persoonlike belange funksioneer.

Uiters ironies is egter die feit dat hierdie soort *Formalisme* gewortel is juis binne die situasie waaruit dit wou ontsnap: konflikterende belange tussen kuns en politiek. Dit was immers die historiese en sosiale ontwrigting in Rusland van die vroeg-twintigste eeu wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van hierdie beweging. Nodeloos om te sê, die Russiese regering was nie beïndruk nie: in 1930 word beide die Moskow Linguistiese Kring en *Opojaz* verbied weens hul onbereidwilligheid om deel te hê aan kommunistiese propaganda (Davis & Schleifer 1991:129). Intussen vlug Roman Jakobson na Praag en beïnvloed hy die Praagse Linguistiese Kring daar. En vandaar vertrek hy na Amerika waar hy die Franse Strukturele Antropoloog Claude Levi Strauss ontmoet en 'n besondere intellektueel-vrugbare vriendskap met hom sluit (Eagleton 1983:98-103). Die resultaat van hierdie samewerking is Franse Strukturalisme wat veral sedert die sestigerjare van die twintigste eeu in Frankryk verder ontwikkel is (Davis & Schleifer 1991:129; Martin 1986:25). Uiteindelik neem die Weste die voorveronderstellings van *Russiese Formalisme* heeltemal oor, ontwikkel en verfyn die konsepte en noem dit bloot 'Strukturalisme'.

#### **D DIE TRIOMF VAN DIE WETENSKAP**

Gedurende die twintigste eeu vind nog 'n belangrike gebeurtenis plaas: die opkoms van die natuurwetenskappe. Mettertyd word taal en letterkunde gereken as die 'maklike' selfs 'minderwaardige' vakke aan tersiêre instansies (Tompkins 1980:221-222). Om posisie en aansien te behou, was dit nodig dat letterkunde en wetenskap mekaar op gelyke grond ontmoet en mekaar in 'n taal uitdaag wat albei kan verstaan. Strukturalisme het uitnemend geskik vir die doel geblyk: hier was 'n bepaalde metodologie wat getuig het van 'n suiwere *wetenskap*. 'n Literêre werk is verstaan as 'n konstruk. Net soos enige ander objek kon dit wetenskaplik ontleed word, was dit moontlik om die verskillende elemente te identifiseer, uitmekaar te haal, te benoem, in die fynste detail te beskryf, en dan uiteindelik weer bymekaar te sit. Só 'n wetenskaplike analise is uitgevoer deur middel van 'n bepaalde metodologie, genoem 'n *struktuur-analise*. En die belangrikste van alles was dat so *struktuur-analise* objektief en onbevooroordeeld voltrek kon word. Geen ruimte is gelaat vir die persoonlike voor- of afkeure van die leser nie. Hierdie twee woorde, 'metodologie' en 'objektiwiteit' is twee van die sleutelbegrippe in die *taal van die wetenskap*.

Hoekom was hierdie metode – *struktuur-analise* – so gewild in die teologie en Bybelwetenskappe? Miskien moet die antwoord gesoek word in die ontoeganklikheid van die Bybelse teks vir die eksegeet. Selde indien ooit weet 'n mens iets van die werklike outeur óf van die ontvangers; die meeste tekste getuig van soveel redaksionele lae dat dit bitter moeilik is om die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis te peil; die wêreld, denkwyses en gebruike van die mense van die Bybel is duister en in raaisels verhul – om maar 'n paar aspekte op te noem. 'n *Struktuur-analise* verskaf 'n haalbare moontlikheid: in plaas daarvan om vrae te stel oor wollerige en wasige aangeleenthede soos die outeur

en sosio-historiese omstandighede van teksproduksie, fokus dit veel eerder op dit wat voorhande lê: die teks as *textus receptus*. 'n *Struktuuranalise* verskaf 'n duidelike kontroleerbare, stap-vir-stap metodologie, dit laat geen ruimte vir raaiwerk of wilde verbeeldingsvlugte van die eksegeet nie. Hy of sy kan deur middel van 'n *struktuuranalise* 'n vaste greep op die Bybelse teks kry.

Wat is die probleme met hierdie benadering?

## E BESWARE

Vanuit eie geledere word Formalisme gekritiseer. So vroeg soos die dertigerjare van die vorige eeu wys Jan Mukarovsky (vanuit Praagse Strukturele kringe) daarop dat dit onmoontlik is om 'n literêre teks te hanteer asof dit geen verband met die sosiale en historiese omstandighede het nie (vgl Holub 1984:31; Senekal 1983:3; Zima 1999:44-45). Inteendeel, die geskiedenis en die maatskaplike konteks is ten nouste verwickel met kuns, verander bestaande konsepte en lei daartoe dat nuwe kunswerke geskep word. Ook Jurij Lotman, een van die latere formaliste wys op die onlosmaaklike verband tussen literêre tekste en wat hy noem *ekstra tekste* – dit is alles wat buite die teks voorhande lê, hetsy ander literêre tekste, of histories-maatskaplike aangeleenthede (vgl Shukman 1976:317-338).

Ernstiger besware kom van ene Macherey (sien Young 1990:4-6). 'n *Struktuuranalise* maak daarop aanspraak dat dit die verborge strukture van 'n teks blootlê. Nou wat was eerste, die hoender of die eier – die teks of die struktuur? Maar 'n meer ongemaklike aangeleentheid is die hele kwessie rondom die sogenaamde 'wetenskaplikheid' van die teorie. De Saussure se teorieë was gemik op linguistiek, nie op letterkunde nie. De Saussure was 'n taalkundige, nie 'n kreatiewe skrywer nie. Hoe 'wetenskaplik' is dit om die teorie van een dissipline oor te neem en onkrities op 'n ander toe te pas? Terry Eagleton (1983:109-111) kritiseer 'n strukturalistiese benadering as angswekkend ('hair-raisingly') onhistories (p.109). Die teks word afgesluit van mense en die wêreld van mense. Al wat oorbly is 'n sisteem van reëls met 'n eie onafhanklike soort lewe.

Wat is die probleme van Strukturalisme rakende Bybelse tekste?

Teen hierdie tyd behoort heelwat besware reeds voor-die-hand-liggend te wees. Die belangrikste daarvan is dat die mens en sy of haar leefwêreld nie uit 'n teks uitgesny kan word nie – en dit raak die eksegeet sowel as die ontvangers. Die oorwig van tekstuele strukture dreig om die menslike subjek te vernietig (Le Roux 1993:352). Anders gestel: om die Bybel te lees en om die boodskap daarvan te verstaan raak 'n pastor en 'n gemeente – 'n stel reëls gaan eenvoudig nie werk nie. Verder, veral wat Bybelse tekste betref, is 'n a-historiese benadering eenvoudig nie aanvaarbaar nie. Tekste is geproduseer en ontvang binne bepaalde historiese en sosiale omstandighede. Tekste het

probleme aangespreek en verwag om bepaalde response binne bepaalde gemeenskappe te ontlok. Hierdie proses duur tot vandag toe voort.

Probeer ek met hierdie artikel 'n immanente benadering tot 'n teks en *struktuuranalise* afskiet?

Allermens. Alle eksegese behoort immers by 'n sogenaamde 'close reading' te begin – 'n indringende lees van die teks in die oorspronklike taal. 'n Immanente lees van die teks dwing die eksegeet hiertoe. Verder help 'n *struktuuranalise* beslis die eksegeet om die teks as literêre kunswerk te waardeer. Dit belig die intrinsieke kontoere van 'n gedig of 'n narratief, dit ondersoek die kenmerkende kunsgrepe van die genre soos parallelismes, chiasmes, inclusia, afwykings betreffende die chronologie, narratiewe tyd en orde, verskillende vlakke van diëgese ensovoort. Die Bybel – veral natuurlik die Ou Testament – beskik immers oor die mooiste letterkunde ter wêreld. Ongelukkig het *struktuuranalise* vir sommige eksegete 'n hermeneutiese kortpad geword – en dit was nooit die bedoeling nie. 'n *Struktuuranalise* is presies wat dit voorgee om te wees: 'n *analitiese hulpmiddel*, nie 'n *hermeneutiese metodologie* nie.

## F NIE SLEGS STRUKTURALISME NIE...

Ongelukkig – en foutiewelik – word 'n *literêre teksbenadering* dikwels gelyk gestel aan 'n *strukturele teksbenadering*. Die doel van hierdie artikel is nie 'n bespreking van al die verskillende literêre teorieë nie, en daar is ook nie genoeg ruimte daarvoor nie. Vir die doel van Bybelse eksegese is dit egter miskien tog die moeite werd dat teoloë kennis neem van Hans-Robert Jauss se teorieë oor *Resepsie-estetika* (Jauss 1982).<sup>2</sup> Jauss stel belang in die ontvangs van literêre tekste, met ander woorde, sy fokus is nie slegs op die teks nie, hy verbreed sy skopus en sluit die *leser* ook in. Watter effek het tekste op lesers, en hoe gebeur dit dat sekere tekste in 'n literêre kanon opgeneem word, en ander heeltemal in onbruik raak?

Tussen teks en leser is daar altyd 'n *afstand*. Verder gebeur dit nooit dat 'n leser objektief en onbevooroordeeld na 'n teks toe gaan nie, elke leser kom uit hoogs persoonlike omstandighede en het beslis al meer as een teks gelees. 'n Leser koester dus bepaalde *verwagtinge* van 'n teks (*verwagtingshorison* is die begrip wat Jauss van Gadamer ontleen). Wanneer 'n teks gemaklik en gladweg by 'n leser se *verwagtingshorison* inskakel, is die *estetiese afstand* klein, gebeur daar niks dramaties by die leser nie. Dis die soort tekste wat 'n mens slegs een keer vir ontspanning lees, dit selfs geniet, maar opsy skuif om nooit weer daarna te kyk nie. Maar dan is daar ander tekste wat teen die grein van die

---

<sup>2</sup> Benewens Jauss is daar ander selfs uiteenlopende literêre *resepsieteorieë*, byvoorbeeld dié van Wolfgang Iser, Stanley Fish, Norbert Groeben – om maar 'n paar op te noem. Jauss se uitgangspunt is beslis nie verteenwoordigend van al die strominge binne hierdie veld nie (sien ook Segers 1978).

leser se *verwagtingshorison* ingaan, hom of haar selfs skok en dwing om die grense van daardie horison te verskuif of heeltemal te verander. Dan is die *estetiese afstand* groot en vereis dramatiese insette van die leser om hierdie afstand te oorbrug. Dit is hierdie soort tekste wat 'n impak nie slegs op individuele lesers het nie, maar wat selfs 'n samelewing kan verander. Sulke tekste word weer en weer gelees, hulle het die vermoë om nie slegs bestaande patrone uit te daag en te verander nie, maar om ook toekomstige vrae te visualiseer. Daarom raak hulle nooit in onbruik nie, maar bly aktueel selfs in veranderende samelewings.<sup>3</sup>

Voordat ek daarvan beskuldig word dat ek dan nou tog 'n bepaalde teorie voorstel, laat ek dit onmiddellik baie duidelik stel: Jauss is gemoeid met tekste wat hul weg in die *Duitse literêre kanon* gevind het – nie die Bybel nie. Sy benadering is ook nie histories nie – hy stel belang in werklike lesers in werklike situasies. Weer eens, dis 'n teorie wat myns insiens – net soos *struktuur-analise* – met groot vrug deur die Bybelwetenskappe oorgeneem en gebruik kan word, maar dan krities en met die nodige voorbehoude.

## G SLOT

Die teenswoordige gees van postmodernisme leen hom by uitstek daartoe dat verskillende vakdisseplines oor en weer van mekaar kan leen en mekaar se metodologie met groot vrug kan gebruik. Veral die teologie kan by so 'n interdisseplinêre werkswyse baat. Filosofie, psigologie, sosiologie is maar 'n paar vakgebiede waarmee teologie kan hande vat. So ook die letterkunde en literêre teorieë. Uiteindelik is dit nie 'n óf-óf benadering nie, maar 'n én-én. Maar elke vakdissepline het 'n eiesoortige werkswyse, en agter elke metodiek lê 'n geskiedenis en 'n filosofie. Elke werkswyse het sy eie reëls en 'n eie doelwit voor oë. Om 'n *struktuur-analise* primêr vir hermeneutiese doeleindes aan te wend, is soos om rugby op die maat van Chopin te probeer speel... maar dink net watter verskil dit sal maak as alle rugbyspelers Chopin leer ken!

## BIBLIOGRAFIE

- Damrosch, D 1987. *The Narrative Covenant. Transformations of Genre in the Growth of Biblical Literature*. San Francisco: Harper & Row Publishers.
- Davis, C & Schleifer, R 1991. *Criticism and Culture. The Role of Critique in Modern Literary Theory*. Essex: Longman Group, UK Limited.
- Deist, F 1976. *Mosaïek van Moses. Pentateug-navorsing sedert die Reformasie*. Kaapstad: Tafelberg.

---

<sup>3</sup> Natuurlik is hierdie bondige uiteensetting 'n drastiese oorvereenvoudiging van Jauss se volume.

- Du Plooy, H & Viljoen, H 1992. Benaderingswyses in die Literatuurwetenskap, in Cloete, T T (red), *Literêre Terme en Teorieë*, 25-38. Pretoria: HAUM Literêr.
- Eagleton, T 1983. *Literary Theory. An Introduction*. England: Basil Blackwell.
- Gros Louis, K R R 1982. *Literary Interpretations of Biblical Narratives. Vol 2*. Nashville: Abingdon.
- Hayes, J & Holladay, C 1982. *Biblical Exegesis. A Beginner's Handbook*. Atlanta: John Knox.
- Holub, R C 1984. *Reception Theory. A critical introduction*. London: Methuen.
- Jauss, H R 1982. *Toward an Aesthetic of Reception*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Le Roux, J H 1996. Eksegese is 'n spel. *Acta Theologia* 16/1, 41-56.
- Le Roux, J H 1994. Historical Criticism – The End of the Road? *Old Testament Essays* 7(4) (Special Edition), 198-202.
- Le Roux, J H 1993. *A Story of two Ways. Thirty Years of Old Testament Scholarship in South Africa*. Pretoria: Verba Vitae.
- Martin, W 1986. *Recent Theories of Narrative*. Ithaca: Cornell University Press.
- Ohloff, H 1985. Hoofbenaderings in die Literatuurstudie, in Cloete, T T (red). *Gids by die Literatuurstudie*, 31-64. Pretoria: HAUM Literêr.
- Segers, R T 1978. *Receptie-esthetika: grondslagen, theorie en toepassing*. Amsterdam: Huis aan de drie grachten.
- Selden, R 1986. *A Reader's Guide to Contemporary Literary Theory*. Great Britain: The Harvester Press.
- Senekal, J 1983. Resepsie, 'n terreinverkenning in Malan, C (red.), *Letterkunde en Leser*, 1-42. Pretoria: Butterworth, 1-42.
- Shukman, A 1976. The canonization of the real: Jurij Lotman's theory of literature and analysis of poetry in *Journal for descriptive poetics and a theory of literature* 1, 317-338.
- Tompkins, J P 1980. *Reader Response Criticism: From Formalism to Post-structuralism*. Baltimore: Johns Hopkins.
- Venter, LS 1992. Russiese Formalisme, in Cloete, T T (red), *Literêre Terme en Teorieë*, 458-460. Pretoria: HAUM Literêr.
- Vorster, W S 1971. Moderne linguistiek en Bybelnavorsing. *ThEv* 4(2), 139-148.
- Young, R 1990. *Untying the text: a post-structural reader*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Zima, P V 1999. *The Philosophy of Modern Literary Theory*. London: The Athlone Press.

Gerda de Villiers, Departement Ou Testament (Telematies), Universiteit van Pretoria. E-pos: [gerdadev@mweb.co.za](mailto:gerdadev@mweb.co.za); [redakteur@teo.co.za](mailto:redakteur@teo.co.za)